BEELD KALENDER.

Rauch en Torr 'n kragspan

óórbrug, met Laurika Rauch
Tnéâtre Rendezvous, Staatsteater
Marguerite Robinson

DIT was 'n bedrywige jaar vir Laurika Rauch met nie minder nie as drie volwaardige vertonings. Die Brel-vertoning het geheel en al op sy eie gestaan, terwyl Rauch se gewildste (en/of geliefkoosde) liedjies noodwendig in haar oorwegend Afrikaanse vertonings oorvleuel.

Daar is altyd die hoop op 'n nuwe liedjie of twee van Christopher Torr wanneer Rauch 'n nuwe vertoning aanbied. En met *óórbrug* het die hoop inderdaad nie beskaam nie. Die man se talent verras 'n mens elke keer opnuut en in Rauch het hy natuurlik 'n uitsonderlike vertolkende kunstenaar.

Die nuwe faktor in *óórbrug* is die regisseur Deon Opperman. Hy karring nie met die wenresep nie: Rauch se sangstem – sonder gepratery en allerlei ander foefies tussenin, David Taljaard se eiesoortige en sensitiewe klavierspel en Torr (en ander) se liedjies.

Hy maak wel vir 'n mens deure oop waarin jy as't ware verskillende kamers van die hart opnuut ontdek. Hy bou brûe tussen groepe liedjies wat elkeen onder 'n eie tema staan, maar wat ook 'n hegte eenheid vorm. Rauch hoef inderdaad nie 'n woord ter verduideliking te sê nie (of te dans of grappies te maak nie) – die musiek, die woorde, die verwerkings, die vertolkings speek vanself.

Die program skop af met die natuur/seisoene; dan word daar vir 'n rukkie stilgestaan by tyd – ook by 'n bepaalde, geskiedkundige oomblik in tyd; daar word 'n draai gemaak by die liedjie as storie; ou bekende en nuwe, onbekende waters word bevaar;

Laurika Rauch

en uiteindelik word afgesluit met lig en die toeligting op menswees.

Om van haar vroeëre liedjies soos *Niks hang so rooi . . .* en *Die ballade van Jakob F. de Beer* weer te hoor, is wonderlik. Torr se *Hot Gates* (nog nie op album nie) sal 'n mens waarskynlik vir altyd soos 'n vuishou op die maag tref. (Dit lewer skrynende kommentaar op die ewigdurende vernietigingstryd waarin die mens vasgevang is.)

Met Torr se nuwe liedjie *1963* word 'n mens weer eens vol op die krop van jou maag getref. Enersyds word die sprokie rondom die Kennedy-egpaar besing, maar hy lei 'n mens ook al met die strate langs, verby die wuifende skares, na die oomblik wat die skoot geklap het; na die afgryslike, skokkende beeld van die vrou met stukkies brein in haar hande. Torr is voorwaar 'n meesterlike liedjieskrywer en Rauch weet presies wanneer om iets te aksentueer en wanneer om dit te onderspeel – sy skep 'n perfekte balans.

Met *The Flying Dutchman* is daar 'n totaal andersoortige aanslag. Hier word stukkies Suid-Afrikaanse geskiedenis uitgestippel sonder om enige politikus by die naam te noem. Die spoke van die verlede loop, die Rubicon is oorgesteek en "hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde". Die styl is lig, die woorde oënskynlik eenvoudig, maar die eenvoud is bedrieglik – dit is suiwer satire. 'n Eenmalige blootstelling aan die nuwe liedjies is helaas nie genoeg nie.

Opperman het self 'n bydrae gelewer met *Die liggie/Kom dans harlekyntjie*, waarin ook heelwat stof tot nadenke gebied word. 'n Mens wonder egter waarom die voordrag van *Die liggie* so monotoon moet wees – dit is 'n kragtige beeld wat geskep word, en in dié geval versterk die kontrasterende styl dit nie, dit doen dit eerder skade aan.

Hoewel dit onnodig is om dit te sê, moet die gehoor die geleentheid op 'n toegif nie laat verbygaan nie. Die liedjie oor die hangbrug is simbolies aangrypend – brûe word gebou tussen verskillende tale (ook gebaretaal) en tussen mens en mens. Daar word erkenning gegee vir die navorsing daarvoor, maar nie 'n naam of skrywer nie. Ek sal egter my kop op 'n blok sit dit is ook Torr.

Met die gesamentlike talente van Rauch, Taljaard (voortreflik soos altyd), Torr en Opperman word daar met *óórbrug* bevestig wat 'n mens lankal dink – dit is tyd dat Rauch die geleentheid kry om die brug oor te steek, dat sy nie net deur 'n plaaslike, maar ook deur 'n internasionale gehoor gehoor word.

● **Tot 3 Desember.**